

Ontmoeting 7:

Paasfees

Luk 22: 14-15; Luk 23:26; Luk 24:1-8

Paasfees herinner ons aan die grootste hartseer, maar ook die grootste vreugde wat daar ooit op aarde was.

Hulpmiddels

Selfoonkamera

Papierbord op 'n stokkie met vrolike gesiggie aan die voorkant en hartseer gesiggie aan die agterkant

Sandbak met skoon sand

Kruis, klip, klein hartseer en klein vrolike gesiggies

Swart lap en wit lap



WELKOM

Toneelspel: Ons maak 'n video: ek is die regisseur en julle die akteurs. Ons neem dit sommer op die selfoon op. Ons toneel wat julle moet uitspeel, is: Jy is by die skool tussen jou maats en julle sit op die trap buite en eet julle broodjies, dan kom die juffrou verby en sy sê: "Goeiemôre, hoe gaan dit met julle?" En julle antwoord: "Dit gaan baie goed vandag."

1ste rondte: Speel dit gewoonweg.

2de rondte: Nee, nee, die eerste poging was te dooierig, speel dit met meer gevoel. Almal moet lag ter wyl julle dit uitspeel.

3de rondte: Nee, nee, julle was net te gelukkig, speel dit met meer emosie. Almal moet baie hartseer wees en stadig praat.

Lied: Dis so lekker om die Here te dien. (Leier kan die papierbord op die stokkie met vrolike gesig eenkant en hartseer gesiggie anderkant hier gebruik.)



WYDING

Stilte ritueel

Die lied wat ons nou gesing het, het gesê dis so lekker, maar daar was ook 'n deel in wat gesê het dis so swaar. Ek wonder of Jesus ooit swaar gekry het?

Sing temalled: "Jesus be the center"

Gebed



WOORD

Petrus en Johannes het die paasmaaltyd gereed gemaak. Teen sononder het die ete begin. Jesus en die twaalf dissipels was saam met hom daar. Hy het vir hulle gesê: "Ek het baie uitgesien na hierdie ete. Dis my laaste ete saam met julle, voordat my swaarkry begin."

Het julle gehoor Jesus het vir sy dissipels gesê dis sy laaste ete. Hoekom sou Hy dit sê?

Hy het geweet Hy gaan swaarkry. Van watter swaarkry praat Hy? Kom ek wys julle.

Gebruik nou die sandbak, kruis, klip, hartseer en vrolike gesiggies, swart doek en wit doek.

Sit net die kruis in die sandbak: "Op die Vrydag is Jesus gekruisig. Omtrent 12-uur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom. (*Gooi die swart lap oor die hele sandbak.*) Dit het aangehou tot 3-uur. Die son het ophou skyn. Jesus het hard uitgeroep: "Vader in U hande gee Ek my gees oor." Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas. Drie-uur het die son weer begin skyn. (*Haal die swart lap af.*) Twee van Jesus se vriende het hom gaan begrawe. (*Haal die kruis weg en sit die klip in die sandbak. Vou die swart lap om die sandbak.*) Dit het nag geword, Vrydag was verby. Saterdag was 'n baie hartseer dag. (*Sit hartseer gesiggies in die sandbak.*) Sondagoggend baie vroeg het vroue na die graf toe gegaan. Lees verder uit die Bybel: Luk 24: 2-7. (*Haal die swart lap af, neem die klip weg en sit gelukkige gesiggies in die sandbak. Sit die wit lap om die sandbak.*)

Die kinders dink oor die verhaal:

Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.

Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die belangrikste.

Ek wonder wie sal jy in die verhaal wil wees.



WERSKAF

Sandbak (*Meer as een sandbak, indien moontlik, met die hulpmiddels wat in die storie gebruik is.*) Kinders kan dan self weer die verhaal kom uitspeel.

Papier en kleurkryte


Papierborde, kryte om gesiggies mee te teken. (*Die kinders teken aan die voorkant 'n vrolike gesiggie en aan die agterkant 'n hartseer gesiggie en sit die papierbord op 'n stokkie vas.*)

"Hoe voel ek?"-masker se verskillende dele en 'n voorbeeld.

Opruim en Seëngroet


"Hoe voel ek?"-masker





Stap 1: Knip gaatjies vir die oë en mond en sny gleufies in die kante langs die oë en mond.

Stap 2: Teken die wenkbroue en neus in.



Stap 4: Teken die verskillende pare oë en die verskillende monde op die stroke karton.



Stap 3: Knip 2 kartonstroke uit wat kan inpas op die gleuwe langs die oë en mond. Skuif dit deur die gleufies.

6 verskillende monde



4 verskillende pare oë



Stap 5: Skuif die stroke karton om gesiggies met verskillende emosies te maak.